

## Langbeen-Swartgesig-Sakspinnepkop .....Pasop! (Cheiracanthium furculatum)

Ten spyte daarvan, dat die spinnepkop nie gevaarlik **lyk** en deur ons feitlik nie gesien word nie (dis nagaktief), kan dit verantwoordelik wees vir baie ongerief, onsekerheid en vrees. Dit is giftig en die oorsaak van 70 tot 75% se spinnepkopbytte met wonde, waar **weefsel verander en afsterf**, maar die byt is nie dodelik nie, net baie onaangenaam.



*Cheiracanthium langbeen-spinnepkoppe, let op die swart gesiggie*

Hierdie spinnepkoppe is eintlik plantbewoners, maar het geleer om in ons huise in te trek en saam met ons te bly. Hulle spin hulle plat sakweb dikwels tussen plooië van gordyne of ander materiale (beddegoed!!!), en tussen of onder voorwerpe en in kaste. Binne-in die plat sakweb is dan ook die eiersak.



*so sit sy dan in haar sakweb*



*sakspinnepkop in sakweb met eiers*

Die grootte van die lyf kan so 3 tot 12.5 mm wees, maar met uitgestrekte bene lyk dit baie groter, die bene is lank, veral die voorste paar. In rusposisie is die bene styf teen die lyf opgetrek, asof dit sy donker gesig wil bedek.

Die kleur is roomkleurig, gelerig, groenerig, nie baie opvallend nie, maar die pootpunte is donker.

'n Duidelike kenmerk is ook die swart gesig, oë ingesluit (nie net die kaakkloue nie).....wie gaan die spinnepkop van **so naby in die oë kyk??**

Bedags skuil die spinnepkop in sy plat sak.



sakweb eintlik kombars op blaar



sakweb in opgerolde blaar



sakweb in papierkardoes se plooi



verwoeste sakweb met eiersak



so lyk die bytplek later

As hulle snags rondbeweeg, is hulle baie wakker en selfs aggressief en sal by enige beweging byt, bv. as dit oor jou loop en jy in jou slaap roer, gewoonlik op nek of hande of bene. Die byt is nie seer nie, die plek raak eers later ge-irriteerd. Dan kan jy ook twee klein bytmerkies oplet, maar na een dag is dit nie meer sigbaar nie, dan begin dit opswel en sweer.

Uit GOGGAgids (Erik Holm en Ansie Dippenaar-Schoeman) **haal ek aan** i.v.m. die tekens, simptome en behandeling van sakspinnkopbyte:

### **Tekens en simptome van sakspinnkopbyte**

*\*Byte is nie pynlik nie en die spinnekop word gewoonlik nie gesien nie.*

*\*Die byt voel eers soos 'n vlooi- of muskietbyt.*

*\*Soms kan die twee giftandmerke gesien word.*

*\*'n Harde pitsweeragtige wond ontwikkel met 'n geswelde, rooi, pynlik ontsteekte area om die wond.*

*\*Die bytplek ondergaan nekrotiese veranderinge en 'n swerende wond vorm.*

*\*Weefselskade kan gering of ernstig wees.*

*\*Sistemiese simptome soos sensitiewe limfkliere, uitslag, koors, spier- en gewrigspyne ontwikkel soms na twee dae.*

### **Behandeling**

*\*Die meeste van die byte is selfhelend en die beste behandeling is om sekondêre infeksie te voorkom.*

*\*Indien die bytplekke nie genees nie, of simptome soos koors, hoofpyn en lyfseer ontwikkel, moet 'n huisarts besoek word vir verdere behandeling.*

*\*Soms ontwikkel die wond in sellulitis wat aggressiewe antibiotikumbehandeling verg. Geen teengif is beskikbaar nie. Tetanus-inspuitings word aanbeveel.*

.....einde van aanhaling

Aangesien ek oortuig is daarvan, dat kennis en bewussyn oor gevare in en om ons die beste beskerming bied, ag ek hierdie stukkie oor sakspinnkoppe as belangrik.

Dit is ook die moeite werd om by die volgende link in te gaan:

[www.biodiversityexplorer.org/arachnids/spiders/sac\\_spider\\_bites.htm](http://www.biodiversityexplorer.org/arachnids/spiders/sac_spider_bites.htm)

Inligtingsbronne:

GOGGAgids Die Geleedpotiges Van Suider-Afrika (Erik Holm en Ansie Dippenaar-Schoeman)

Filmer's Spiders An Identification Guide for Southern Africa (Martin R. Filmer revised by Norman Larsen)

Iziko biodiversity explorer

Foto: so lyk die bytplek later: IZIKO biodiversity explorer bostaande link

Teks en res fotos: Anka Eichhoff